

REAKSIE VAN DIE AFRIKANERS OP DIE OWERHEIDSBELEID TEEN- OOR HULLE, 1806—1828 — II

Die Tydperk 1820—1828

Reaksie op die Taalbeleid

Na die koms van die Britse Setlaars het die regering in die twintigerjare die beleid van verengelsing intensief toegepas. Skotse predikante en Engelse onderwysers is ingevoer; die Taalproklamasie het die uitsluitlike gebruik van Engels in alle staatskantore binne enkele jare gebied; die regspraak is ten aansien van personeel, procedure en voertaal geangliseer; die kollege van Landdros en Heemrade is deur magistrate en siviele kommissarisse vervang, ens.

Daar is al heelwat bespieël oor die gebrek aan daadwerklike en positiewe reaksies van Afrikaners op die anglisasiebeleid in die algemeen en taalbeleid in die besonder. Die heemrade van Graaff-Reinet het 'n sagte protes gewaag, maar dit was gegrond op hulle oortuiging dat die tyd vir Engelstaligheid nie ryp was nie ingevolge die onbekendheid van dié taal. Hulle het geen beginselbesware laat notuleer nie.¹ Dieselfde geld vir die heemrade van Stellenbosch² en die Raad van Justisie.³ Dit was kenmerkend van die reaksie van byna alle Afrikaners. Die enkeles wat sterker daaroor gevoel het, was die regspraktisyns en amptenare soos die lede van die Raad van Justisie wat hulle bestaan weens die gedwonge Engelstaligheid moes inboet.

In hulle opgawe van griewe het die Voortrekkers nouliks die verengelsing van taal en bestuur genoem. Ds. D. P. Faure het beweer dat die verengelsing van die regspleging een van die vernaamste redes van ontevredenheid was wat enkele jare later tot die Groot Trek gelei het.⁴ Die dominee se getuienis kan in hierdie verband nie aanvaar word nie. Hy is eers in 1842 gebore en sy werk is in 1907 uitgegee. Die Voortrekkers uit die Oostelike distrikte is tot 1836 nouliks deur die anglisasie van die Hooggeregshof geraak.

F. P. van Gass het in sy herinneringe verwys na die blye vooruitsig om 'n land te vind wat vry van vreemde verdrukkers was en wat „in onze eigen taal” geregeer kon word.⁵ Prof. Muller vind egter die noukeurigheid van hierdie herinneringe twyfelagtig en besluit dat die anglisasiebeleid nie as een van die vernaamste oorsake beskou kan word nie.⁶

1. C.O. 491: Bylae tot No. 96, Uittreksel uit notule, 4 Sept., 1826.

2. C.O. 495: No. 174, Heemrade — Bourke, 6 Nov., 1826.

3. *Theal Records*, XXVIII, p. 447, Uittreksel van notule, 20 Nov., 1826.

4. *My Life and Times*, p. 2.

5. Preller, *Voortrekkermense*, I, p. 53.

6. *Die Britse Owerheid en die Groot Trek*, p. 51, voetnoot, en p. 52.

Hierdie skynbare onverskilligheid oor die taal van hulle landsbestuur is vreemd, te meer daar die skrywer hiervan meen dat die Afrikaners in hierdie tyd al verder op die pad van volkswording gevorder het as wat algemeen aanvaar word. En die taal van 'n volk is seker sy kosbaarste nasionale besit. Die beste verklaring van die houding van die Afrikaners is dié van prof. Scholtz in sy *Die Afrikaner en sy Taal*.⁷ Met hierdie voortreflike uiteensetting, is daar weinig fout te vind. Daar kan egter aan toegevoeg word.

Die vernaamste rede vir die gebrek aan 'n noemenswaardige reaksie, was dat die Afrikaners se besware teen Engels as amptelike taal nie so ernstig was soos ons vandag sou verwag nie. Hierdie houding spruit uit verskeie faktore waarvan die vernaamste die feit is dat dit die oorgrote meerderheid van Afrikaners nie geraak het nie. Die Afrikaners was byna uitsluitlik 'n gemeenskap van boere. Op hulle afgesonderde en groot plase het hulle weinig kontak met die owerheid en sy taal gehad. Hierdie kontak was grotendeels beperk tot skakeling met veldkornette wat Afrikaans was en geen Engels geken het nie. In 1841 het goewerneur Napier vertroulik aan die minister geskryf dat „without the Services of the Field Cornets, the Government of this Colony could not be effectually carried on, and . . . it is not possible to find people to fill these situations who can write and speak the English language.”⁸

Hierdie gebrek aan skakeling met die regering is daarbenewens in die hand gewerk deur hulle tradisionele afsydigheid teenoor enige regering. Hierop het ons al gewys. Die anderhalf eeu van swak en oneffektiewe administrasie deur die Kompanjie; die voortdurende uitwyking van die Trekboere oor die grense buite bereik van regeringsamptenare, en 'n pionierslewe wat hulle op eie kragte en middele aangewys het, het onder die Afrikaners 'n selfstandigheid en onafhanklikheid van 'n owerheid laat ontwikkel. Hoewel die Britse bestuur sedert 1806 veel meer doeltreffend was, en Cradock en Somerset se besliste grensbeleid verwelkom is, was daar maatreëls wat die Afrikaners vervreem het. Veral na die koms van die liberale Bourke in 1826 sou hierdie vervreemding vinnig tot wantroue in die Britte en hul filantropie ontwikkel. Dat hierdie regering nou hulle taal verban het uit regeringskantore, waar hulle selde gekom het, was nietig in vergelyking met daardie griewe wat die Voortrekkers tot trek gedwing het.

Hierdie afsydigheid, vervreemding en eventuele wantroue ver-

7. P. 18 — 34.

8. Aangehaal deur Muller, *Die Britse Owerheid en die Groot Trek*, p. 52.

✓ klaar die Afrikaners se stilswe in die aangesig van ongewilde re-
geringsmaatreëls. Die Kommissaris van Onderzoek het gerap-
poteer dat 'n beroep op die Afrikaners gedoen is om met klagtes voren-
dag te kom. „It was not to be expected”, verklaar hulle voorts, „that
the Dutch part of the community should so far divert themselves
of their feelings of habitual submission and acquiescence in the
measures of the colonial government, which they had been taught
especially to regard, or their dependance upon its future favour,
that might imply a reflection upon its wisdom or its justice, and
we consequently found that no general measures for the advantage
or future improvement of the colony, or even for the correction of
past grievances or admitted defects, were ever suggested to us
we are compelled to add, that we experienced infinite reluctance in
several individuals to give direct and intelligible answers to our
questions; and in many, a considerable degree of dexterity in evad-
ing them whenever they appeared to bear upon their own interests
or those of their relations.”⁹

Die kommissaris skryf hierdie optrede van die Afrikaners
aan „habitual submission” toe, erken dat hulle eie onkunde van Hol-
lands 'n rol kon gespeel het, maar sien nie die klaarblyklike wantroue
waarmee die Afrikaners die vreemde veroweraars bejeen het nie.
Ander Engelse het indertyd soortgelyke gedrag van die Afrikaners
aan die sogenaamde „Dutch phlegm” (flegma) toegeskryf.¹⁰ Hulle
latere geskiedenis bewys die onjuistheid van so 'n standpunt. Waar
die Afrikaners die owerheid nie kon vermy nie was hulle egter be-
paald gehoorsaam, ordeliewend en eerbiedig. Hulle het nie die Britse
parlementêre demokrasie geken nie — net die Nederlandse kollegiale
liggame deur ko-optasie saamgestel. Anders as die Setlaars, was
hulle nie bewus van die druk wat op die owerheid uitgeoefen kon
word deur versoekskrifte aan die parlement en deur agitatie nie.
Amptenare was bevoorreg en beskerm. Hulle is ten dele vrygestel
van die betaling van belastinge.¹¹ Klagtes teen hulle kon, ingevolge
Romeins-Hollandse reg, tot swaar vonnisse vir laster lei soos Burnett,
Cooke, Edwards en Huntley tot hul leed uitgevind het. Maar verre-
weg die belangrikste rede vir hulle onderdanigheid was die leringe

9. *Records*, XXVII, p. 342, 6 Sept., 1826.

10. Sien bv. (W.W. Bird) *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 176; en kapt. Benjamin Moodie, *Memoranda*, Drosdy-Argief, No. 31, Swellendam.

11. Die Kommissaris van Onderzoek het in 1826 aanbeveel dat geen amptenaar onthef word van die verpligting om belastinge te betaal nie. (Sien *Records*, XXVII, p. 397, Verslag oor Finansies, 6 Sept., 1826). Sien ook *Records*, XXV, p. 281, Kommissaris — Somerset, 8 Junie 1826.

van hulle Kerk. Die Gereformeerde Kerk was kragtens De Mist se Kerkorde feitlik 'n staatsdepartement en die predikante staatsamptenare. Bowendien is Christus se opdrag „Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom”¹² baie letterlik ver-
tolk en verkondig. Sir Johannes Truter, die kommissaris-politiek, het bv. in sy slotwoord die sinode van 1824 geloof omdat die lede „Gode gegee, wat Godes en den Koning, wat des Konings was”,¹³ soos reeds aangetoon. In sy openingstoespraak by geleentheid van die sinode van 1826, het hy hierdie as vermaning herhaal.¹⁴

Die resultaat was dat die predikante 'n slaafse onderdanigheid jeens die owerheid aan die dag gelê en verkondig het. Om maar een voorbeeld te noem: Ds. Von Manger, senior predikant van die Groote Kerk, Kaapstad, het in 1821 by geleentheid van Somerset se terugkeer van Engeland nederig apologie by die goewerneur aangeteken: „It is with the sincerest regret that I learn your Lordship has been informed that on Sunday last I neglected to return thanks to Almighty God for your safe and happy return once more among us.” Hy het erken dat dit hom ontgaan het omdat hy die begrafnis van 'n vriend moes behartig, beklemtoon dat dit nie uit „any want of respect to Your Lordship” gebore is nie en met die volgende versugting geëindig: „Trusting, my Lord, that I shall never be found wanting in that duty which is due to your Lordship Personally . . .”¹⁵

In 1824 was vier van die dertien predikante Skotte. Hulle het ook patriotiese beweegredes aan die dag gelê om onderdanigheid aan die owerheid te bevorder, insonderheid ten aansien van die verengelsingsbeleid. Dr. George Thom het 'n sleutelrol gespeel met die invoer van Skotse predikante en Engelse onderwysers.

Met die oog op hierdie standpunt van die Hollandse Kerk is dit begryplik dat die diep-godsdienstige en kerkvaste Afrikaners nie altyd krities teenoor hulle owerheid gestaan het nie en sy verordeninge gehoorsaam het. Hieruit is ook hulle adresse van lof en dank aan die goewerneur gebore — iets wat die Britse Setlaars baie geïrriteer het.¹⁶ „The Cape-Dutch . . . are content to be quiet, and to obey”, het Wilberforce Bird in 1822 besluit.¹⁷

Die geringe persentasie Afrikaners wat as staatsamptenare diens

12. O.m. Lukas, 20, vers 25.

13. Dreyer, *Boustowwe*, III, p. 248.

14. *Ibid.*, p. 281.

15. C.O. 296: No. 73, 9 Des., 1821.

16. Sien o.m. *Records*, XXIII, p. 287, Somerset — Bathurst, 15 Okt., 1825; en bylaes: Petisies aan Somerset en koning. Sien ook Stellenbosch 1/126, p. 116, Stellenbosers — Somerset, 7 Nov., 1825; asook Cory, *The Rise of South Africa*, II, p. 320.

17. *The State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 177.

gedoen het, is wel deur die Taalproklamasie geraak. Hulle het hulle in Engels bekwaam ingevolge Cradock se verordening van 1813 dat kennis van Engels 'n vereiste by staatsaanstellings sou wees. Ellis kon aldus getuig dat almal behalwe die landdros van Tulbagh, wat spoedig sou moes aftree, Engels magtig was en gebruik het. Bovendien was amptenare so volkome van die goewerneur afhanklik dat hulle nooit enige protes oor die taaldrywery sou waag nie.

'n Ander faktor sluit hierby aan. Ooreenkomstig die opvattinge van die tyd het niemand dit vreemd gevind dat 'n Engelse regering in sy verowerde kolonie voorrang aan sy eie taal verleen nie. Die Engelse self het geglo dat hulle die Afrikaners deur verengelsing sou begunstig. Die Afrikaners, selfs die mees ingeligte, het dit aanvaar dat 'n Britse regering nie op die lange duur aan hulle Hollandse taal amptelike erkenning sou verleen nie. Nóg De Verzamelaar, nóg De Nederduitsch Zuid Afrikaansche Tydschrift, nóg De Zuid Afrikaan het enige beginselbesware teen amptelike Engelstaligheid geopenbaar. Die Afrikaners se spreektaal was nie meer Nederlands nie en hierdie ou moederland was vir hulle vir goed verlore. Die oorgrote meerderheid van Afrikaners het na 1806 getrou gebly aan Nederland en gehoop dat die Hollandse verbintenis herstel sou word. Baie Afrikaners en Nederlanders (soos E. Bergh en Beelaerts van Blokland) het na die inlywing van Nederland by Frankryk in 1810, hulle met Britse soewereiniteit versoen. Die permanente sessie van die Kaap aan Brittanje in 1814 het die einde van partyskappe beteken en die Afrikaners het besef dat Britse oppergesag gekom het om te bly. In sy verslag oor die sinode van 1824, het sir Johannes Truter, Angloman en vertroueling van die goewerneur (soos reeds genoem) daarop gewys dat die meeste Afrikaners tot 1814 geglo het dat Nederland se gesag herstel sou word en dat hulle eers daarna die skeiding van hulle moederland as voldonge feit aanvaar het.¹⁸ In die twintiger jare was die Afrikaners dus verplig om die Britse regering as permanente gesagvoerders te aanvaar en aan die kieser te gee wat hom toekom.

Die Hollandse Kerk het sy groot invloed laat geld, nie alleen om onderdanigheid by sy lidmate in te skerp nie, maar ook om die belangrikheid van Engels leer te beklemtoon en dié saak te bevorder. Dr. Thom se geesdrif en ywer vir die verspreiding van Engels, is al gemeld. Die beskrywingspunte wat hy vir die sinode ingestuur het, was in Engels opgestel hoewel die meeste van die

18. Dreyer, *Boustowwe, III*, p. 266, Truter Somerset, 30 Jan., 1825.

Hollandse predikante dié taal nie magtig was nie. Hierin was o.m. voorstelle dat die Hollandse Kerk met dié van Skotland moet skakel en dat die Heidelbergse Kategismus in Engels vertaal moes word.¹⁹ Ook ander Skotse predikante, soos Alexander Smith van Uitenhage, het aan Engels voorrang verleen hoewel die taal van die Kerk nog Nederlands was.²⁰ Maar ook die Hollandse meerderheid in die sinode het hulle vir die verspreiding van Engels beywer. Die stigting van 'n Teologiese Seminarie is by Somerset bepleit vir die opleiding van kerkseermeesters en onderwysers wat Engels en Hollands kan onderrig.²¹ Die drie Hollandse predikante van die Kaapstadse gemeente het Somerset om verlof vir die byeenroeping van 'n sinode gevra. Hulle het onder meer aangevoer dat sy lordskap oorvloediglik bewyse gelewer het dat hy die welsyn van die Kerk wil bevorder deur bv. die Taalproklamasie van 1822 en die invoer van Skotse predikante.²² Twee van die belangrikste maatreels om die Afrikaners te verengels word aldus aangeprys as bewyse dat Somerset die belange van die Hollandse Kerk op die hart dra. Twee van die resolusies van die sinode was dat godsdiensonderrig in Engels en Hollands moes geskied²³ en dat die Heidelbergse Kategismus in Engels vertaal moes word.²⁴ Predikante het op die algemene en plaaslike skoolkommissies gedien en veel gedoen ter bevordering van die Engelse vryskole.²⁵

'n Ander belangrike rede vir die afwesigheid van verset teen die verbanning van Nederlands uit die regeringskantore, was die Afrikaners se bereidheid en selfs gretigheid om Engels te leer. Afgesien van vermeldde invloede om die leer van Engels te bevorder, het die Afrikaners indertyd 'n verligte houding i.v.m. die aanleer van vreemde tale ingeneem. Vir onderwysers wat bv. Frans kon onderrig, was daar 'n goeie aanvraag. Maar selfs Italiaans, Spaans, Duits en Sweeds is gedoseer²⁶ en meertaligheid het in Kaapstad voorgekom. Daarbenewens was daar 'n ernstige begeerte vir beter onderwysfasiliteite²⁷ wat deur die Engelse vryskole aangebied is.

19. *Ibid.*, pp. 188—192.

20. *Ibid.*, p. 182, Smith — Von Manger, 22 Sept., 1824.

21. C. O. 389: No. 131, Berrangé en Borchers — Somerset, 17 Nov., 1824.

22. Dreyer, *op cit.*, p. 175, Von Manger, Berrangé, Faure — Somerset, 19 Junie 1824.

23. *Ibid.*, p. 219.

24. *Ibid.*, p. 259, Moderatore — Goewerneur, Datum onvermeld.

25. C.O. 322. No. 76, Van Ryneveld — goewermentsekretaris, 23 Aug., 1822; C.O. 390: No. 2, Algemene Skoolkommissie — Somerset, 19 Feb., 1824; C. O. 321: No. 94, Stockenstrom — goewermentsekretaris, 3 Sept., 1822; ens.

26. C. O. 1484, p. 102, Bird — Skoolkommissie, 28 Aug., 1822; Pringle, *Narrative*, p. 313 *et seq.*

27. Sien bv. C. O. 322: Bylae tot No. 93, De Villiers — Landdros, Stellenbosch, 4 Okt., 1822.

Die resultaat was dat hierdie vryskole met Engelse onderwysers wat spesifiek ingevoer is om die Afrikaanse kinders te verengels, aanvanklik goed bygewoon is en baie Hollandse skole leeggeloop het.²⁸ Die Afrikaners se standpunt word o.m. weergegee deur 'n memorie van sestien Afrikaners van Tulbagh onder wie kerkraadslede en heemrade getel het. Waarskynlik as gevolg van die gerug dat Rattray, die Engelse onderwyser, verplaas sou word, bedank hulle Somerset vir „the means of Education and Instruction to ourselves and to our children in the English Language”, en vra hulle dat Rattray moes bly sodat hulle en hul kinders „may not only be made acquainted with first principles but fully grounded in the English language.”²⁹ Van al die vreemde tale het die Afrikaners Engels as die belangrikste aanvaar aangesien dit die taal van hulle owerheid was.

Die laaste rede vir die afwesigheid van verzet, sluit aan by die eerste, nl. dat amptelike Engelstaligheid verreweg die meeste Afrikaners nie geraak het nie. Hulle kontak met regeringskantore was gering en buite dié kantore was die Kaapkolonie nog wesenlik Afrikaans en Hollands. In Kaapstad was die Engelse invloed die sterkste. Hier het die garnisoen, die amptenary, die Engelse skole en handelaars vir die verspreiding van Engels gesorg. Kennis van Engels het daar meer dikwels voorgekom en gevalle van volkome verengelsing het nie ontbreek nie. In 1826 het 'n korrespondent van *De Verzamelaar* gekla dat sommige Afrikaners en Nederlanders in Kaapstad hulle graag as Engelse voordoen en voorgee dat hulle hul moedertaal nie meer verstaan nie.³⁰ Nogtans was hierdie 'n verskynsel wat in die twintigerjare tot amptenare en enkele gesiene families beperk was. Teenstra het in 1825 van Kaapstad berig dat „de Hollandsche taal en zeden blyven hier de hoofdrol spelen.”³¹ Hierdie Nederlandse vaderlander was geneig om dinge deur 'n Hollandse bril te sien. Daar bestaan egter ander getuienis, soos dié van W. Bird³² en luitenant J. W. D. Moodie,³³ wat daarop dui dat algemene verkeer en verbroedering tussen die twee rasse nie voorgekom het nie en dat die „Cape Dutch” nóg aan hulle eie taal en gewoontes verkleef was.

Die platteland buite Kaapstad was egter nog volkome Afri-

28. C. O. 390: Bylae tot No. 2, P. J. Truter se bekende verslag, 24 Feb., 1824.

29. C.O.372: No. 134, 2 April 1823.

30. Uitgawe van 26 Aug., 1826: Brief van *Een ongekunstelde Zuid-Afrikaan*

31. *De Vruchten myner Werkzaamheden*, p. 85 (V.R.V. XXIV)

32. *The State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 164.

33. *Ten Years in South Africa*, I, p. 33.

kaans. Die Engelse ingesetenes hier was nog 'n klein minderheid en tot die dorpe en die distrik van Albany beperk. Ons het aangetoon dat Napier in 1841 gekla het dat hy nie veldkornette kon vind wat Engels magtig was nie. Die probleme van die heemrade van Graaff-Reinet en Stellenbosch, en van die Raad van Justisie met die onbekendheid van Engels, is vermeld. In 1827 kon Stockenström niemand in die distrik Graaff-Reinet vir benoeming tot vrederegter aanbeveel nie o.m. weens die onkunde aangaande Engels.³⁴ Selfs in 1844 het 'n reisiger nog weinig kennis van Engels onder die Afrikaanse boere aangetref.³⁵ 'n Engelse korrespondent van die *Advertiser* het besorgd in 1824 gevra of sake al verbeter het want drie jaar vroeër het hy nog „an almost total ignorance of the English language” in afgeleë dele aangetref.³⁶ Teenstra daarteen was weer verheug om geen kennis van Engels op Botrivier en elders raak te loop nie en sedes en gewoontes teen te kom wat nog steeds op die Hollandse lees geskoei is.³⁷ In sy verslag oor die sinode van 1824, het Truter gekonstateer dat „at this very day the Dutch is the domestic language in all families, with(out) scarcely any exception”.³⁸

'n Faktor wat na die stigting van *De Zuid Afrikaan* in 1830 'n belangrike rol sou speel, was die pers se beklemtoning van die belangrikheid van Engels leer en verbroedering van die twee rasse. Greig, die uitgewer van die *Advertiser*, het as argument teen die verhoging van die posgeld van koerante aangevoer dat hy die koste aangegaan het om beide Engels en Hollands te gebruik ten einde met die owerheid saam te werk „in the benevolent and useful design of encouraging reading and the study of the English language among the Dutch.”³⁹ Die aangekondigde oogmerk van *The South African Journal* was o.m. „promoting by every eligible means, the gradual accomplishment of that complete union and coalescence so highly desirable” van die twee blanke elemente.⁴⁰ Vereniging en samesmelting het die verengelsing van die Afrikaners veronderstel waarsonder dit nie sou plaasvind nie. Hierdie doel het die steun van 'n predikant en sy invloed geniet. Dit was ds. A. Faure wat die redaksie van die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* waar-

34. C. O.: No. 135, Stockenström — Goewermentsekreteris, 23 Nov., 1827.

35. Anoniem: *A Bengali, Notes on the Cape*, p. 28.

36. Uitgawe van 17 Mrt., 1824, Brief van *Brittanicus*.

37. *De Vruchten mijner Werkzaamheden*, pp. 99, 239.

38. Dreyer, *Boustowwe*, IV, p. 266, 30 Jan., 1825.

39. Records, XIX, p. 403, Greig — Plasket, 7 Okt., 1826.

40. *The Cape Town Gazette*, 24 Jan., 1824, Prospektus van die *Journal*.

geneem het. Dit het beurtelings saam met die *Journal* verskyn. In 'n sub-hoofartikel het die *Advertiser* in 1826 weer „that complete union and amalgamation of the old and new fixed inhabitants, which every enlightened Colonist must consider a most desirable and important object”, bepleit.⁴¹ Een van die argumente wat Fairbairn in 1828 aangevoer het ten einde persvryheid te verkry, was dat hy en sy mede-joernaliste „attempted to introduce into the public mind British thoughts and British feelings.”⁴² In die eerste tweetalige nommer van die *Advertiser* het dié blad aangekondig dat Hollands gebruik word vir die gerief van die gevorderdes in jare wat dit oorbodig ag om 'n nuwe moedertaal aan te leer. Maar dit moes nie dien tot verflouing van die loflike ywer van die jongeres „om zich meer en meer te oefenen in die verkryging van eene grondige kennis der Engelsche taal — eene der meest beschaafden van Europa en tevens die van onze geëerbiedigde Regeering.”⁴³ Ds. Faure het nie vir hierdie joernaliste agtergestaan nie. In die *Tijdschrift* het hy sy Hollandse lesers aangespoor om saam te werk „ter bevordering van dien geest der verbroedering, welke zo zeer door het geërd Gouvernement wordt gezoekt.”⁴⁴

Ook die Engelse lesers het met onvermoeide ywer aan hierdie veldtog meegedoen. In antwoord op *Britannicus* se vrae oor die verbreidheid van Engels op die platteland, het *A Subscriber* met genoegdoening van die vordering van Robertson se Engelse skool op Graaff-Reinet berig. Die tagtig leerlinge, wat nog enkele maande gelede net „Colonial Dutch” geken het, praat, lees en skryf nou Engels, en hierdie taal sal stellig binne 'n paar jaar die heersende in hierdie dorp wees.⁴⁵ *A Parent* van Uitenhage was ingenome met die opleiding van die nege-en-dertig Afrikaanse kinders in Innes se Engelse vryskool: „And whether we hear the infant of three years old lisping his A, B, C, or the boy of eight fluently reading the English language, our hearts must overflow with gratitude, to that paternal Government which has thus planted seeds of knowledge upon the soil of ignorance and barbarism”. Ten slotte loof hierdie ouer die belangstelling wat die plaaslike Skotse predikant van die Hollandse Kerk, ds. Smith, in hierdie skool aan die dag lê.⁴⁶

Soos dit in Deel III sal blyk, het die Hollandse koerant, *De*

41. Uitgawe van 26 April 1826.

42. *Records*, XXXV, p. 106, Fairbairn — Huskisson, 14 Jan., 1828.

43. Uitgawe van 24 Mrt., 1824, Bekendmaking in redaksiekolom.

44. Nommer van Jan., Feb., 1825.

45. *Advertiser*, 21 April 1824.

46. *Advertiser*, 28 April 1824.

Zuid-Afrikaan na 1830 bepaald nie hierdie persveldtog geprobeer neutraliseer nie. Van alle kante is dit die Afrikaners op die hart gedruk dat opvoeding eintlik Engels leer beteken. *A Parent* wat geimpliseer het dat die owerheid onkunde en barbarisme deur die onderrig in Engels besweer het, was ook nie heeltemal uniek nie.

Die interessante en belangwekkende vraag ontstaan of die Afrikaners bereid was om heeltemal te verengels. Hulle was bereid om Engels as amptelike taal te aanvaar, moeite te doen om Engels te leer en hulle kinders aanvanklik in die Engelse vryskole te plaas. Op 'n latere stadium het hulle in die Kaapkolonie die Britse parlementêre stelsel, die Britse ryk en koningshuis en lesbes, Britse filantropie ten aansien van gelyke politieke regte tussen blank en nie-blank, aanvaar. Was hulle ook bereid om Engels as huis-, omgangs-, skool- en kerktaal te aanvaar en om „English feelings, habits and morals” hulle eie te maak? Die doel van die verengelsingsbeleid in kolonies met vreemde bevolkingselemente was om hierdie geweste in elke opsig tot die ewebeeld van die moederland te omskep. Ook die Kaapkolonie moes ten aansien van sy bestuur en bevolking gelykvormig aan Engeland gemaak word. Die bestuur is byna volkome geangliseer. Die belangrikste uitsondering was seker die behoud van die Romeins-Hollandse regskode. Maar kenmerkend van die pragmatisme van die Britse koloniale beleid, het hierdie uitsondering op geen afwatering van beginsels berus nie, maar wel op dienstigheid. Dit was onprakties om 'n land se regskode meteens te verander. Dit sou noodwendig tot groot verwarring lei. Daarom moes die Romeins-Hollandse regskode geleidelik aan die Engelse ge-assimileer word. En van die Afrikaners moes Engelse gemaak word — nie net Engelssprekende vreemdelinge nie. Hulle moes soos Engelse dink, praat en reageer. Hulle moes van huis uit Engels wees in alles behalwe herkoms. Die Koloniale Kantoor se reaksie op Somerset en Thom se skema om Britse onderwysers in te voer was die versekering dat Bathurst „entirely concurs with you in opinion as to the expediency & propriety of gradually superseding the Dutch Schoolmasters by Englishmen of a superior class, as affording both the best means of making the English language more general in the Colony & improving the manners & morals of the people”.⁴⁷ Die doel was aldus nie net die verspreiding van Engels nie. Die „manners and morals” van die Afrikaners moes ook verbeter word. Die Engelse regeerders het destyds slegs een betekenis hieraan geheg, nl. volslae verengelsing.

47. C.O. 1305: No. 348, Goulburn Somerset, 10 April 1821

Prof. Scholtz se antwoord op hierdie vraag is netso uitnemend as die res van sy behandeling van die tydperk tot 1828.⁴⁸

Hoewel die regering alles in sy vermoë gedoen het om volslae verengelsing te bewerkstellig deur veral bestuurlike anglisasie en deur die invoer van Skotse en Engelse predikante en onderwysers, was hy verstandig genoeg om nie openlik en daadwerklik teen die ✓ Hollandse taal, kultuur en volks-eie te velde te trek nie. Hierdie dinge sou op 'n subtiële wyse verdring word, maar so ver moontlik nie verbied word nie. Die Afrikaners moes nie tot verset aangevuur word nie. Hulle moes, in die woorde van Bird, bly soos hulle was, „content to be quiet, and to obey”. Desondanks het die Afrikaners begin vermoed dat volslae verengelsing die doel was. Omdat hulle Kerk hul so na aan die hart gelê het, is dit begryplik dat hierdie vrees daar aan die lig gekom het. Sir Johannes Truter, vertroueling en beskermeling van Somerset, het die goewerneur altyd graag na die mond gepraat. Daarom het dit hom seker heelwat genoegdoening verskaf om in sy verslag⁴⁹ oor die eerste sinode in 1824 te rapporteer dat die lede eensgesind was oor „the utility of promoting (of) general knowledge of the English language”, oor die ruime beskerming wat die Kerk van Somerset ervaar het; en dat hulle 'n gesindheid geopenbaar het om die goewerneur in sy verstandige oogmerke in hierdie verband steun te verleen.

Maar indien die taaldrywery te ver gevoer word, sou sake vir die regering 'n ongunstige wending neem. Daarom, en ook omdat Truter eerbaar en vas aan sy Hollandse Kerk was, was hy genoodsaak om Somerset tot versigtigheid te maan. Hy sit sy verslag voort deur te berig dat een aspek van die beraadslagings oor die Engelse taal aandag verdien. Hy het dit naamlik moeilik gevind „to draw the line and fix the limits, within which the Civil obligations to know the English language, is confined”. Omdat hy dit 'n gewigtige saak beskou, het Truter voorts sy beskouing hieromtrent uiteengesit. Hierdie siening van 'n eerbare mens, regsgeleerde, lojale amptenaar en tegelyk ook 'n kerkvaste lidmaat van die Gereformeerde Kerk, is van besondere belang.

Ter wille van openbare orde, het Truter betoog, moet elkeen daartoe gebring word om te besef dat, omdat die Kaap nou 'n Britse kolonie is, Engels as die taal van die staat beskou moet word. Daarom is amptenare verplig om dié taal te ken en is kennis daarvan in belang van ander inwoners. Dit is die logiese gevolg vir elke

48. *Die Afrikaner en sy Taal*, pp. 34—43.

49. Dreyer, *Boustowwe*, III, p. 265, 30 Jan., 1825.

individu wat na die sessie van die Kolonie in 1814, in die land as Britse onderdaan gebly het. Sodoende het elke individu hom vrywilliglik onderwerp aan die ongerief wat uit hierdie sessie mag voortspruit.

Hier het ons die beredeneerde standpunt van 'n eerbare, Afrikaanse amptenaar onder die Britse regering. As hoofregter is hy deur die Setlaars wat met Somerset gebots het, heftig veroordeel as gewillige werktuig van die outokratiese goewerneur. Hy was bepaald die toonbeeld van die lojale Afrikaanse amptenaar wat Somerset en die Britse regering in alles, selfs die anglisasiebeleid, getrou gesteun het. Maar hy was netso getrou aan die Bataafse Bewind. Hy het Janssens tot die allerlaatste met raad en daad bygestaan en sy gedrag is as „boven allen lof” deur hierdie Nederlandse bewindhebber bestempel. Hy het derhalwe altyd die hoë agting van sy stamgenote geniet.⁵⁰ Sy standpunt werp verdere lig op die onderdanigheid van die Afrikaners, insonderheid van die Afrikaanse staatsamptenare, en die aanvaarding van so 'n groot deel van die anglisasiebeleid.

Vir Truter en die sinode was die probleem dat die Gereformeerde Kerk tot aansienlike hoogte 'n staatsdepartement en sy predikante staatsamptenare was. Moes die Kerk en sy predikante dan nie ook soos alle departemente en amptenare verpligte Engeltaligheid aanvaar nie? Moes hulle hul nie ook by hierdie ongerief van die sessie van 1814 neerlê nie? Moes daar nie bv. in Engels gepreek word nie? Soos ons later sal sien, was dit die uiteindelijke oogmerk van die regering. Die Gereformeerde Kerk was verreweg die vernaamste draer en bewaarder van die Hollandse en Afrikaanse kultuur. As hierdie vesting verengels kon word, sou dit 'n beslissende rol kon speel in die volslae anglisasie van die Afrikaner. Truter en die leraars het van hierdie voorneme van die regering geweet of dit vermoed. In die volgende deel van sy verslag het Truter die stout skoene aangetrek om die owerheid tot ander insigte te probeer beweeg.

Met verwysing na die verpligting om in die ongerief van die sessie van 1814 te berus, het Truter vervolg: „This obligation, however, cannot extend to Religious Worship, in which one cannot conform to the circumstances, nor be considered as having subjected himself to inconveniences, arising from an imperfect knowledge of a foreign language, in matters affecting his eternal wel-

50. Sien bv. S 1/1, p. 320, Borchers stad).

Faure, 24 Feb. 1825. (Kerkargief, Kaap-

fare. In the Church therefore the English language can only order to its being made use of in all public Transactions. The ground be considered that it is scarcely *Ten* Years since the Colony has been ceded. Till that time most of the Colonists believed, and this belief was strengthened by the ignorant and disaffected, that the Cape would not be given up: And it was only after the Cession that the Colonists considered the separation from their Mother Country as a serious fact. At this very day the Dutch is the domestic language in all families, with(out) scarcely any exception. Even the increase of the English Inhabitants, since the Cession has had less influence than one could have expected. Under these circumstances religious instruction cannot be given otherwise than in the Dutch Language, except at the expense of Religion itself; and this will continue to be the case, until an encouraged general instruction in the English language, added to an increased English population, shall have enabled the succeeding generation to use the English language with equal facility and advantage as that of their Fathers. And when the present manner of extending the knowledge of the English continues uninter(r)uptedly, without imposing on any person any other obligation than what the public order and regularity of Government absolutely require, every one's own interest will prompt him, voluntarily and without any humiliating feeling to give up by degrees the domestic use of the language of his ancestors for that of a New and liberal Mother Country."

Truter se standpunt en argumente is insiggewend. Hy was oortuig dat dit dwaas en verkeerd sou wees om Engels op die Kerk af te dwing behalwe as medium vir kommunikasie met die owerheid. Omdat Engels nog so onbekend was by die Kerk se lidmate sou dit as kerktaal alleen ten koste van die godsdiens gebruik kon word. Bowendien mag die verpligting om in die ongerief van blywende Engelse soewereiniteit te berus nie die sieleheil van die Kerk se lidmate op die spel plaas nie. Die owerheid word dus aangeraai om met sy ander metodes vir die verbreiding van Engels voort te gaan totdat die volgende geslag Afrikaners tweetalig is en uiteindelik sonder dwang, maar uit eie belang Engels as huistaal aanneem. Hieruit kan afgelei word dat Truter nie in beginsel teen Engels as kerktaal en die algehele verengelsing van die Afrikaners was nie mits dit sonder dwang t.o.v. hulle kerk en nie ten koste van hulle godsdiens geskied nie. Een rede vir hierdie standpunt was sy oortuiging dat die uiteindelijke verdwyning van Hollands onvermydelik was.

Truter het hierdie deel van sy verslag met 'n waarskuwing gesluit: „I should not have taken the liberty thus freely to offer my opinion to Your Excellency, had I not perceived out of the Synod, that an apprehension is fast spreading among the public, that their children will not be allowed to receive any further instruction in Dutch, and that the language is to be totally proscribed (sic — lees *proscribed*). This frequently obliges me to give the public a better opinion of His Majesty's Government, in order to remove impressions, which can only tend to render Your Excellency's Administration troublesome, and to impede that desirable amalgamation of public feeling, which it ought to be the study of every good man to promote.”

Hoewel die resolusies van hierdie sinode volledig beskikbaar is, bestaan daar geen rekord van die debatte nie. Maar uit hierdie aanhalings kan afgelei word dat die vrees algemeen voorgekom het dat Nederlands nie slegs uit die skole geweier sou word nie, maar heeltemal in die ban gedoen sou word. Hierdie indruk, het Truter getuig, kan alleen moeilikhede aan die Britse owerheid besorg en verbroedering (wat wesenlik die anglisasie van die Afrikaner impliseer) verhinder.

Hier is die eerste aanduiding dat, wat ook al die amptenaar, Truter, se standpunt mag wees, die Afrikaners in die breë op hierdie stadium nie bereid was om Hollands en Afrikaans as kerk- en huistaal prys te geen nie. Hulle kinders sou hulle aanspoor om Engels te leer mits hulle Hollands ook leer omdat dit die taal van hulle Kerk, Bybel en gesangeboek was. Hulle sou hulle by dwang ten aansien van die amptelike taal neerlê, maar dwang ten aansien van hulle Kerk en huis sou tot verset lei.

Die vermoede dat die regering voornemens was om Engels ook as kerktaal af te dwing, was nie ongegrond nie. In Somerset se antwoord op Truter se verslag het die goewerneur uit sy pad gegaan om die noodsaaklikheid van Engels leer by die Kerk tuis te bring. „His Excellency cannot too strongly impress upon the minds of the Synod the necessity, for the benefit of the people themselves, that the rising Generation should be instructed in the English language At the same time however that he feels Himself bound to impress in the strongest manner the necessity of the general Introduction of the English Language, as the only Language to be made use of in future, in all public and legal translations (transactions?) of every kind.” Sy eksellensie erken die gewig van Truter se argumente teen die afdwing van Engels op die gods-

diens, „and He therefore cannot object to the religious Instruction being for some time to come given in the Dutch Language provided always that the English Language be taught in all the Schools.”⁵¹

Hier word die Kerk aldus herinner dat Engels alleen by alle openbare aangeleenthede geldig sal wees. En tot aansienlike hoogte was die Kerk 'n openbare liggaam, 'n staatsdepartement. Voorts sou die goewerneur Hollands as taal van godsdiens en Kerk tydelik, „for some time to come” nog toelaat. Die implikasie is dat die lidmate moes sorg dat hulle Engels ken want Hollands as kerktaal was 'n tydelike vergunning.

Die Skotse predikante het waarskynlik nie so sterk oor hierdie aangeleentheid gevoel nie. Maar die Afrikaanse predikante was netso bekommerd oor die moontlikheid van Engels as taal van godsdiens en Kerk as hulle lidmate. Ds. Borchers het aan ds. A. Faure geskryf om o.a. die ontvangs van Truter se verslag aan Somerset te erken. Hy was so in sy skik daarmee dat hy met die woorde „Sir John Truter wiens leven God verlange!” begin het. Dan verklaar hy: „Veel heb ik van Sir John Truter verwagt, doch moet erkennen, dat dit Document myne beste verwagtingen heeft overtroffen.” Dat ander leraars ook so gevoel het, blyk uit sy begeerte dat 'n dankadres aan hom gerig word namens alle broeders „gepast aan het gezond Verstand en goeden trouw, door Sir John in deeze betoond.”⁵² Die „goeden trouw” slaan skynbaar op Truter se trou aan sy Kerk wat deurslag gegee het in die aangesig van sy bekende lojaliteit en steun aan die Britse regering.

Borchers sou nie so openhartig sy gevoelens teenoor Faure gelug het nie indien hy nie geweet het dat sy kollega met hom oor dié saak eens was nie. Dit was 'n delikate saak want albei was afhanklik van 'n regering wat alles wou verengels. Wat Borchers betref, mag eiebelang op die spel gewees het want hy was nie Engels magtig nie.⁵³ Dit het nie vir Faure, wat opleiding in Engeland ontvang het en met 'n Engelse vrou getroud was,⁵⁴ gegeld nie. Ook by Borchers is dit twyfelagtig of eiebelang 'n oorweging was want hy was bejaard en sou binnekort aftree.⁵⁵ Wat wel van besondere betekenis is, is die feit dat albei Engelsgesind was. 'n Geregverdigde gevolgtrekking is dat selfs predikante wat die verengelsingsbeleid

51. *Boustowwe*, III, p. 270, Plasket — Truter, 7 Julie 1825.

52. S 1/1, p. 320, 24 Feb., 1825. (Kerkargief, Kaapstad).

53. *Records*, XXVIII, p. 358, Borchers — Kommissaris Politiek, 29 Nov., 1826.

54. Heyns, Abraham Faure, pp. 5, 15.

55. C. O. 1442, p. 175, Somerset — Bathurst, 30 Sept., 1824. (Ook *Records*, XVIII, p. 328).

gesteun het, nie vir die anglisasie van die Kerk te vind was nie.

Die verset teen die anglisasie van die Kerk word tewens gesubstansieer deur die groeiende weerstand teen die Skotse predikante. In 1825 het H. E. Faure, 'n jonger broer van ds. A. Faure, by wyse van 'n memorie aan Somerset sy voorneme bekend gemaak om na Holland te gaan vir opleiding as predikant, en na sy terugkeer, as leraar van die Gereformeerde Kerk diens te aanvaar. Sy voorwaarde was egter dat hy as boorling van die Kolonie dieselfde voorreg geniet as die Skotse predikante wat £50 ontvang om Nederlands in dié land te bestudeer.⁵⁶ Somerset het oor „very strong reasons” voldoening aan die versoek by Bathurst aanbeveel. Hierdie redes was dat „members of the Scottish clergy have to late years poured into the Colony so abundantly that a feeling has been excited amongst the colonists which I lament to see arise, and which Your Lordship's acquiescence . . . will tend greatly to allay.”⁵⁷ Bathurst het hierdie rede gewigtig genoeg geag om geredelik aan die versoek te voldoen.⁵⁸

Hierdie gevoel teen die Skotse leraars is begryplik in die lig van die taaldrywery waaraan sommige van hulle hul skuldig gemaak het. Ons het reeds daarop gelet dat di. Thom en Smith in die sinode voorkeur aan Engels verleen het. In Somerset-Oos het ds. George Morgan 'n sekere P.B. Botha slegs tydelik gebruik as voorleser omdat hy nie Engels verstaan nie. Die Kerkraad het hierin berus.⁵⁹ Enige maande later is G. Aldrich eenparig tot voorleser vir 'n jaar benoem ofskoon hy geen kerkdienste gedurende die week kon lei nie, maar skynbaar Engels geken het.⁶⁰ Later is twee voorlesers aangestel, een vir Engelse en een vir Hollandse dienste.⁶¹

Die vooroordeel teen die Skotse predikante is ook deur die Kommissaris van Onderzoek bevestig. Innes, die suksesvolle onderwyser van die Engelse vryskool te Uitenhage, het aansoek gedoen om die beskerming van Bathurst in sy voorneme om in Skotland hom as leraar te bekwaam en 'n aanstelling in die Kolonie te bekom. Hy het die hoop uitgespreek dat sy kennis van Hollands en van „the manners and Customs of the Colonists” in sy guns sou tel.⁶² Hy kon bygevoeg het dat hy jarelank as diaken in die Gere-

56. C. O. 1432: Bylae tot No. 159, 23 Mrt., 1825.

57. *Records, XX*, p. 391, 26 Mrt, 1825.

58. *Records, XXII*, p. 111, Horton — Courtenay, 23 Junie 1825.

59. Somerset-Oos, 1/1, p. 5, Notule van Kerksraadsvergadering van 21 Mei 1826. (Kerkargief, Kaapstad).

60. *Ibid.*, p. 10, Vergadering van 3 Okt., 1826.

61. *Ibid.*

62. C. O. 1313: Bylae tot No. 841. Datum ontbreek.

formeerde gemeente gedien het.⁶³ Die Kommissaris het die versoek aanbeveel op grond van Innes se vertrouwdheid met „the dialect in which the Dutch Language is spoken in this Colony, and which though not considered to be a pure one, is much more familiar to the Inhabitants than that which is acquired in the Literary Communities of Holland.” Ook van belang is hulle verdere motivering: „We are aware that there exists among the Native Dutch Inhabitants a certain degree of jealousy of the preference that has been shewn to the Scotch Clergy by the late selection which has been made of them for the service of the Reformed Church but as the circumstance of Mr. Innes' employment in the education of the children of many respectable Dutch families in the District of Uitenhage previous to his admission may possibly have its effect in mitigating that feeling, we therefore beg leave to submit his memorial to the favourable consideration of your Lordship.”⁶⁴ Bathurst het ook hierdie aanbeveling aanvaar.⁶⁵

Kommer en onrus oor die bedoelings van die owerheid en argwaan teen die Skotse predikante het vry algemeen voorgekom. Die geloofbare reisbeskrywer, Thompson, vertel van 'n besoek aan boere van die Sneeuweg. Hulle het o.m. gesels oor die onderskeie meriete van hulle vorige Hollandse en nuwe Skotse predikant, en oor laasgenoemde, sê Thompson, „some anxious references were made to me.”⁶⁶

Dit is ook opmerklik dat waar herderlose gemeentes die regering om 'n predikant gevra het, hulle spesifiek om 'n Afrikaanse of Hollandse predikant aansoek gedoen het. Dit geld vir die Afrikaners van die Engelse distrik, Albany, in 1826, wat origens beklemtoon het dat hulle hul godsdienst onderrig in hulle moedertaal wil ontvang en nie Engels verstaan nie.⁶⁷ Dit geld ook vir George wat versoek het dat die seun van oorlede ds. Ballot daar aangestel word.⁶⁸ Dit het nie vir die afgeleë veldkornetskaps van Baviaansrivier gegeld nie. Maar hier is heelwat Setlaars gevestig en helfte van die aansoekers om 'n Skotse predikant, was Engels.⁶⁹

Ingevolge voorgaande gegewens kan die algemene strekking

63. Uitenhage 1/1, Notule van Kerkraadsvergadering van 6 Okt., 1825. (Kerkargief, Kaapstad).

64. *Records*, XXVII, p. 329, 5 Sept., 1826.

65. *Records*, XXVIII, p. 418, Bathurst — Bourke, 10 Des., 1826.

66. *Travels and Adventures*, II, p. 143.

67. C.O. 501: No. 581, 133 Afrikaners — Bourke, 15 Junie 1826. (Ook *Records*, XXVII, p. 322).

68. *Records*, XXX, p. 326, Somerset — Hay, 2 Feb., 1827.

69. C. O. 501: No. 582, 1 Mrt., 1826 (Ook *Records*, XXVI, p. 126)

van Teenstra se waarneming in hierdie verband as noukeurig aanvaar word: „Overall wordt de godsdienst in de Hollandsche taal gehouden. Het Engelsch gouvernement heeft, wel is waar, reeds eenige voorlopige voorstellen gedaan, om dit in het Engelsch te doen, maar het vond zeer veel tegenkantingen, zoo wel van de leeraars, als van de overige ingezetenen zelve, zoodat het dit niet durfde doorzetten; ook zoude het, volgens sommige doordryvers, meer dan 40,000 menschen tegen hetzelfde in het harnas gejaagd hebben.”⁷⁰

Die verset teen Engels as taal van die godsdienst word ook toegelig en bevestig deur die geskiedenis van die onderwys in hierdie tyd. Uit hoofde van hulle gretigheid dat hul kinders goeie onderrig ontvang en ook Engels moet leer, het ouers die Engelse vryskole aanvanklik goed ondersteun. Maar spoedig het die getalle afgeneem van dié vryskole waar Nederlands nóg as medium gebruik is, nóg as vak aangebied is. Verslae van onderwysers van die Engelse vryskole dat kinders onttrek is omdat die ouers verlang dat hulle eers Hollands moes leer, kom dikwels voor.⁷¹ Baie Afrikaanse kinders het sowel die Engelse as Hollandse skool bygewoon.⁷² Die enigste twee Engelse vryskole wat hulle vroeë gewildheid gehandhaaf het, was dié van Uitenhage en Graaff-Reinet. Hier het die twee onderwysers, Rose Innes en Robertson onderskeidelik, nie alleen Hollands as voertaal gebruik nie, maar ook as vak onderrig.⁷³ Die owerheid was derhalwe verplig om sy beleid te wysig en die onderwys van Nederlands toe te laat en in sommige gevalle af te dwing.⁷⁴

Hieruit is dit duidelik dat die Afrikaners hulle nie daarmee sou versoen dat hulle kinders verengels nie. Hollands was nie alleen as huistaal vir hulle belangrik nie, maar ook as kerk- en godsdiensttaal.⁷⁵ Hulle kinders moes in hierdie taal gekatkiseer en as lid-

70. Aangehaal deur Scholtz, *Die Afrikaner en sy Taal*, p. 42.

71. Stellenbosch 22/184, Kwartaalrapport. Datum ontbreek. C. O. 509: Bylae tot No. 98, rapport van Thompson, Somerset, 30 Junie 1827.

72. Stellenbosch 22/169, p. 240, Notule van Skoolkommissie, 6 Junie 1827.

73. C. O. 609: No. 244, Innes — Goewermentsekreteris, 6 Junie 1829, Van der Westhuizen, *Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie*, p. 468. (Ongepubliseerde D. Phil. — proefskrif); *Government Gazette*, 29 Junie 1827, Verslag van die afskeid van Robertson; C. O. 553. No. 121, Innes — Goewermentsekreteris, 30 Okt., 1827.

74. C. O. 1495, p. 322, Plasket — Predikant van Cradock, 26 Julie 1827; Kerkraadsnotule en -korrespondensie, 1823—1837, Plasket — Landdros, Swellendam, 22 Okt., 1827 (Swellendam — Kerkargief).

75. C. O. 523: No. 93, Landdros en heemrade, Worcester — Plasket, 5 Junie 1827; C. O. 524: Bylae tot No. 135, Sutherland — Kommissaris Politiek, 13 Aug., 1827; Stellenbosch 22/169, p. 262, Notule van Skoolkommissie, 3 Okt., 1827; C.O. 632: Bylae tot No. 69, Kwartaalrapport van Stellenbosch, 31 Junie 1830.

mate aangeneem word. Hulle moes as volwassenes in hierdie taal die volkstradisie van Boekavat handhaaf, hulle Bybels en gesangeboeke leer ken, godsdiens oefeninge bywoon en aan eredienste meedoen.

Prof. C. R. Kotzé.